Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 462 Cape Town, Kaapstad, 22 December Desember 2003 **No. 25864**

THE PRESIDENCY

No. 1844 22 December 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 45 of 2003: Revenue Laws Amendment Act, 2003.

DIE PRESIDENSIE

No. 1844 22 Desember 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 45 van 2003: Wysigingswet op Inkomstewette, 2003.

9 771682 584003 25864

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 17 December 2003.)

ACT

To amend the Transfer Duty Act, 1949, so as to further regulate the provisions relating to duty on conversion of share blocks to sectional titles and duty payable on cancellation of transactions; to provide for an exemption for conversion or renewal of certain mineral and mining rights and permits and further regulate other exemptions; to provide for additional powers to the Commissioner; to further regulate duty on sale of property to agents; to provide for additional duty for failure to perform any duties; and to provide that payment of duty is not suspended pending appeal; to amend the Estate Duty Act, 1955, so as to effect certain consequential amendments; to amend the Income Tax Act, 1962, so as to amend, insert and delete certain definitions; to further regulate the powers of the Commissioner; to further regulate the secrecy provisions; to further regulate the provisions relating to foreign tax credits; to provide relief where assets disposed of are replaced; to further regulate the provisions relating to income from foreign sources and foreign dividends; to further regulate the provisions relating to controlled foreign companies; to further regulate the exemption provisions; to amend the provisions relating to certain deductions and allowances; to provide for the ring-fencing of losses from certain trades; to further regulate the provisions relating to trading stock; to further regulate the provisions relating to the limitation of deductions; to further regulate the provisions relating to exchange items; to amend the provisions relating to insolvent estates; to further regulate the provisions relating to public benefit organisations and deductibility of donations to these organisations and government; to make provision for disposals of assets by non-resident persons; to further regulate provisions relating to payment of withholding tax on royalties; to further regulate the provisions relating to corporate restructuring; to grant a further exemption from donations tax; to further regulate the provisions relating to secondary tax on companies; to further regulate the provisions relating to submission of returns and assessment; to specifically provide for the registration of taxpayers; to provide for reporting of certain reportable arrangements; to further regulate the provisions relating to objections, appeals and dispute resolution; to provide that the Commissioner may prescribe a time on a date for payment of tax, penalties and interest; to further regulate the deduction of capital expenditure for farming; to provide that pensionable service of non-statutory force members purchased after 1 March 1998 in respect of periods of service accounted for before that date be dealt with as is the case with other public servants; to further regulate the penalties on failure to pay employees' tax and personal liability in relation thereto; to further regulate the deduction of employees' tax from directors' remuneration; to further regulate the provisions relating to capital gains tax; to delete certain obsolete provisions and to effect certain consequential amendments; to amend the Customs and Excise Act,

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 17 Desember 2003.)

WET

Tot wysiging van die Wet op Hereregte, 1949, ten einde die bepalings met betrekking tot reg betaalbaar by omskakeling van aandeleblokke na deeltitel en reg betaalbaar by kansellasie van transaksies verder te reël; om voorsiening te maak vir 'n vrystelling vir omskakeling of hernuwing van sekere mineraal- en mynregte en permitte en om ander vrystellings verder te reël; om voorsiening te maak vir addisionele bevoedghede vir die Kommissaris; om die reg op verkoop van eiendom aan agente verder te reël; om vir addisionele reg voorsiening te maak in die gaval van versuim om aan enige verpligting te voldoen; en om te bepaal dat betaling van reg nie opgeskort word hangende appèl nie; tot wysiging van die Boedelbelastingwet, 1955, ten einde sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die Inkomstebelastingwet, 1962, ten einde sekere woordomskrywings te wysig, in te voeg en te skrap; om die bevoegdhede van die Kommissaris verder te reël; om die geheimhoudingsbepalings verder te reël; om die bepalings met betrekking tot buitelandse belastingkrediete verder te reël; om voorsiening te maak vir verligting waar bates waaroor beskik is vervang word; om die bepalings met betrekking tot inkomste van buitelandse bronne en buitelandse dividende verder te reël; om die bepalings met betrekking tot beheerde buitelandse maatskappye verder te reël; om die vrystellingsbepalings verder te reël; om die bepalings met betrekking tot sekere aftrekkings en verminderings te wysig; om voorsiening te maak vir die omheining van verliese uit sekere bedrywe; om die bepalings met betrekking tot handelsvoorraad verder te reël; om die bepalings met betrekking tot die beperking van verliese verder te reël; om die bepalings met betrekking tot valuta-items verder te reël; om die bepalings met betrekking tot insolvente boedels te wysig; om die bepalings met betrekking tot openbare weldaadsorganisasies en die aftrekbaarheid van skenkings aan hierdie organisasies en die regering verder te reël; om voorsiening te maak vir die beskikking oor bates deur persone wat nie inwoners is nie; om die bepalings met betrekking tot die betaling van weerhoudingsbelasting op tantième verder te reël; om die bepalings met betrekking tot korporatiewe herstruktuering verder te reël; om 'n verdere vrystelling van geskenkebelasting daar te stel; om die bepalings met betrekking tot sekondêre belasting op maatskappye verder te reël; om die bepalings met betrekking tot in indiening van opgawes en aanslae verder te reël; om uitdruklik voorsiening te maak vir die registrasie van belastingpligtiges; om voorsiening te maak vir die rapportering van sekere rapporteerbare reëlings; om die bepalings met betrekking tot besware, appèlle en geskilbeslegting verder te reël; om voorsiening te maak dat die Kommissaris 'n tyd op 'n dag vir betaling van belasting, boetes en rente mag voorskryf; om die aftrekking van kapitaaluitgawes vir boerdery verder te reël; om voorsiening te maak dat pensioendraende diens van "non-statutory force members" na 1 Maart 1998 aangekoop ten opsigte van tydperke van diens voor daardie datum verantwoord mee gehandel word soos ander staatsamptenare; om die boetes by versuim om werknemersbelasting te betaal en persoonlike aanspreeklikheid met betrekking daartoe, verder te reel; om die betaling van werknemersbelasting met betrekking tot direkteursvergoeding verder te reel; om die bepalings met betrekking tot kapitaalwins verder te reël; om sekere bepalings wat in onbruik verval het te skrap en om sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die

1964, so as to insert certain definitions; to further regulate the powers of the Commissioner; to further regulate the provisions relating to secrecy; to insert provisions relating to degrouping; to make provision for the imposition of environmental levies; to make rules to enable the Commissioner to curtail the smuggling of cigarettes; to further regulate the provisions relating to internal appeals and alternative dispute resolution; to make provision for certain consequential changes arising from the introduction of the duty at source system; to make provision in the Act for customs controlled areas within Industrial Development Zones; to effect certain consequential amendments; to amend the Stamp Duties Act, 1968, so as to further regulate the period for record keeping; to further regulate the powers of the Commissioner; to further regulate the exemptions from duty; to effect certain consequential amendments and to delete references to obsolete provisions; to amend the Value-Added Tax Act, 1991, so as to amend and insert certain definitions; to provide for certain exemptions and zero-rating; to further regulate the circumstances where an input tax may be claimed; to prescribe further requirements for VAT invoices; to further regulate the provisions relating to assessments; to further regulate the provisions relating to objections and appeal and dispute resolution; to provide for the amendment of the Schedules in line with the Customs and Excise Act, 1964, to effect certain consequential amendments; to amend the Uncertificated Securities Tax Act, 1998, so as to amend and insert certain definitions; to further regulate the exemptions from tax; to effect consequential changes to the repeal of the Marketable Securities Tax Act, 1948; to further regulate the powers of the Commissioner; to effect certain consequential amendments; to make provision for the retention of records; to amend the Skills Development Levies Act, 1999, so as to further regulate the provisions relating to public benefit organisations; to provide for penalties for failure to pay levies; to amend the Taxation Laws Amendment Act, 2000, so as to further regulate certain exemptions of public benefit organisations and other entities; to amend the Second Revenue Laws Amendment Act, 2001, so as to insert provisions relating to Industrial Development Zones; to effect certain consequential amendments; to amend the Unemployment Insurance Contributions Act, 2002, so as to align it with the Unemployment Insurance Act, 2001; to amend the Taxation Laws Amendment Act, 2002, so as to repeal certain obsolete provisions; to amend the Revenue Laws Amendment Act, 2002, so as to insert a commencement date; and to delete obsolete provisions; to amend the Exchange Control Amnesty and Amendment of Taxation Laws Act, 2003, so as to amend certain definitions; to make provision for application by beneficiaries; to further regulate the tax relief in terms of the amnesty; and to extend the date for application; to repeal the Marketable Securities Tax Act, 1948, and certain regulations; to provide for transitional provisions relating to gold bullion and shares of companies acquired from funds transferred to the Republic; to provide for a short title and commencement date; and to provide for matters relating thereto.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 40 of 1949

1. (1) Section 1 of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended by the substitution in the definition of "fair value" for the words following item (iii) of paragraph *(b)* of the following words:

"(without taking into account any lease agreement **[or]**, any liability in respect of any loan or any right to or an interest in the use of immovable property conferred on the owner of a share in a share block company as contemplated in section 1 of the Share Blocks Control Act, 1980 (Act No. 59 of 1980), in relation to that residential property or any residential property of any company or trust

Doeane- en Aksynswet, 1964, ten einde sekere woordomskrywings in te voeg; om die bevoegdhede van die Kommissaris verder te reël; om die bepalings met betrekking tot geheimhouding verder te reël; om bepalings met betrekking tot ontgroepering in te voeg; om voorsiening te maak vir die oplegging van 'n omgewingsheffing; om reëls daar te stel wat die Kommissaris in staat stel om smokkelary in sigarette in te perk; om die bepalings met betrekking tot interne appèlle en alternatiewe geskilbeslegting verder te reël; om voorsiening te maak vir sekere gevolglike wysigings wat voortvloei uit die instelling van die reg by bron stelsel; om in die Wet voorsiening te maak vir doeanebeheerde gebiede binne Nywerheidsontwikkelingsones; om sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die Wet op Seëlregte, 1968, ten einde die tydperk vir rekordhouding verder te reël; om die bevoegdhede van die Kommissaris verder te reël; om die vrystelligs van reg verder te reël; om sekere gevolglike wysigings aan te bring en sekere verwysings na bepalings wat in onbruik verval het, te skrap; tot wysiging van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 1991, ten einde sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; om voorsiening te maak vir sekere vrystellings en nulkoers; om die omstandighede waar insetbelasting geëis mag word verder te reël; om verdere vereistes vir BTW fakture voor te skryf; om die bepalings met betrekking tot aanslae verder te reël; om die bepalings met betrekking tot besware en appèlle en geskilbeslegting verder te reël; om voorsiening te maak vir die wysigings van die Bylaes om dit in lyn te bring met die Doeane- en Aksynswet, 1964; en om sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die Wet op Belasting op Sertifikaatlose Aandele, 1998, ten einde sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; ten einde die vrystellings van belasting verder te reël; om sekere gevolglike wysigings weens die herroeping van die Handelseffektebelastingswet, 1948, aan te bring; om die bevoedghede van die Kommissaris verder te reël; om sekere gevolglike wysigings aan te bring; om voorsiening te maak vir rekordhouding; tot wysiging van die "Skills Development Levies Act, 1999", ten einde die bepalings met betrekking tot openbare weldaadsorganisasies verder te reël; en om voorsiening te maak vir boetes by versuim om die heffing te betaal; tot wysiging van die Wysigingswet op Belastingwette, 2000, ten einde sekere vrystellings van openbare weldaadsorganisasies en ander entiteite verder te reël; tot wysiging van die Tweede Wysigingswet op Inkomstewette, 2001, ten einde bepalings met betrekking tot Nywerheidsontwikkelingsones in te voeg; en om sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die "Unemployment Insurance Contributions Act, 2002" ten einde dit met die "Unemployment Insurance Act, 2001" in lyn te bring; tot wysiging van die Wysigingswet op Belastingwette, 2002, ten einde sekere bepalings wat in onbruik verval het, te skrap; tot wysiging van die Wysigingswet op Inkomstewette, 2002, ten einde 'n inwerkingtredingsdatum in te voeg; en om bepalings wat in onbruik verval het te skrap; tot wysiging van die Wet op Deviesebeheeramnestie en Wysiging van Belastingwette, 2003, ten einde sekere woordomskrywings te wysig; om voorsiening te maak vir aansoeke deur begustigdes; om die belastingverligting ingevolge die amnestie verder te reël; om die datum vir aansoeke te verleng; om die Handelseffektebelastingswet, 1948, en sekere regulasies te skrap; om vir oorgangsbepalings met betrekking tot ongemunte goud en aandele van maatskappye verkry uit fondse na die Republiek oorgeplaas, voorsiening te maak; om vir 'n kort titel en inwerkingtredingsdatum voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 40 van 1949

1. (1) Artikel 1 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur in die woordomskrywing van "billike waarde" die woorde wat item (iii) van paragraph *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

"uitmaak (sonder inagneming van enige huurooreenkoms, **[of]** enige aanspreeklikheid ten opsigte van enige lening of enige reg tot of 'n belang in die gebruik van onroerende eiendom aan die eienaar van 'n aandeel in 'n aandeleblokmaatskappy soos in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980 (Wet No. 59 van 1980), bedoel verleen, met betrekking tot daardie residensiële eiendom of

contemplated in subparagraph (ii) or (iii)), as is attributable to that share or member's interest; or".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of any acquisition of any share on or after that date.

Amendment of section 5 of Act 40 of 1949, as amended by section 6 of Act 103 of 1969, section 2 of Act 86 of 1987, section 3 of Act 136 of 1992 and section 2 of Act 20 of 1994

2. (1) Section 5 of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* If a transaction whereby property has been acquired, is, before registration of the acquisition in a deeds registry, cancelled, or dissolved by the operation of a resolutive condition, duty shall be payable only on that part of the consideration which has been or is paid to and retained by the seller and on any consideration payable by **[either party to the transaction]** the buyer for or in respect of the cancellation thereof, provided that on cancellation or dissolution of that transaction, such property completely reverts to the seller and the original buyer has relinquished all rights and has not received nor will receive any consideration arising from such cancellation or dissolution.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of the cancellation or dissolution of any transaction on or after that date.

Amendment of section 9 of Act 40 of 1949, as amended by section 3 of Act 31 of 1953, section 12 of Act 80 of 1959, section 3 of Act 70 of 1963, section 3 of Act 77 of 1964, section 1 of Act 81 of 1965, section 7 of Act 103 of 1969, section 2 of Act 89 of 1972, section 3 of Act 66 of 1973, section 5 of Act 88 of 1974, section 77 of Act 54 of 1976, section 2 of Act 95 of 1978, section 6 of Act 106 of 1980, section 2 of Act 99 of 1981, section 2 of Act 118 of 1984, section 3 of Act 81 of 1985, section 3 of Act 86 of 1987, section 4 of Act 87 of 1988, section 36 of Act 9 of 1989, section 1 of Act 69 of 1989, section 79 of Act 89 of 1991, section 6 of Act 120 of 1992, section 4 of Act 136 of 1992, section 5 of Act 97 of 1993, section 2 of Act 37 of 1995, section 3 of Act 32 of 1999, section 3 of Act 30 of 2000, section 2 of Act 5 of 2001, section 8 of Act 60 of 2001, section 3 of Act 30 of 2002 and section 4 of Act 74 of 2002

3. (1) Section 9 of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(l)* of the following paragraph:

"*(l)* any company in terms of—

(i) **[any]** an amalgamation transaction contemplated in section 44 of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962);

(ii) **[any]** an intra-group transaction contemplated in section 45 of that Act;

(iii) **[any]** a liquidation distribution contemplated in section 47 of that Act; or

(iv) a transaction which would have constituted a transaction or distribution contemplated in subparagraphs (i) to (iii) regardless of—

(aa) whether or not any election has been made that the provisions of the relevant section apply; or

(bb) whether that person acquired that property as a capital asset or as trading stock,

where the public officer of that company has made a sworn affidavit or solemn declaration that such **[amalgamation transaction, intra-group transaction or liquidation distribution complies with the relevant provisions contained in section 44, 45 or 47, as the case may be, of that Act]** acquisition of property complies with the provisions of this paragraph."; and

(b) by the addition of the following subsections:

"(18) No duty shall be payable where—

(a) any old order right or OP26 right as defined in Schedule II of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No.

enige residensiële eiendom van enige maatskappy of trust bedoel in subparagraaf (ii) of (iii)), wat aan daardie aandeel of ledebelang toeskryfbaar is; of".

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum van afkondiging van hierdie Wet en is van toepassing ten opsigte van die verkryging van enige aandeel op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 5 van Wet 40 van 1949, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 103 van 1969, artikel 2 van Wet 86 van 1987, artikel 3 van Wet 136 van 1992 en artikel 2 van Wet 20 van 1994

2. (1) Artikel 5 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Indien 'n transaksie waarby eiendom verkry is, voor registrasie van die verkryging in 'n registrasiekantoor, gekanselleer of tengevolge van 'n ontbindende voorwaarde ontbind word, dan is hereregte betaalbaar op slegs daardie gedeelte van die vergoeding wat aan die verkoper betaal is of word en deur hom behou word en op enige vergoeding wat deur **[enigeen van die partye by die transaksie]** die koper vir of ten opsigte van die kansellering daarvan betaalbaar is, mits daardie eiendom by kansellasie of ontbinding van daardie transaksie ten volle in die verkoper hervestig en die oorspronklike koper van alle regte afstand gedoen het en nie enige vergoeding weens daardie kansellasie of ontbinding ontvang of sal ontvang nie.".

(2) Subartikel (1) tree op die datum van afkondiging van hierdie Wet in werking en is van toepassing ten opsigte van die kansellasie of ontbinding van enige transaksie op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 9 van Wet 40 van 1949, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 31 van 1953, artikel 12 van Wet 80 van 1959, artikel 3 van Wet 70 van 1963, artikel 3 van Wet 77 van 1964, artikel 1 van Wet 81 van 1965, artikel 7 van Wet 103 van 1969, artikel 2 van Wet 89 van 1972, artikel 3 van Wet 66 van 1973, artikel 5 van Wet 88 van 1974, artikel 77 van Wet 54 van 1976, artikel 2 van Wet 95 van 1978, artikel 6 van Wet 106 van 1980, artikel 2 van Wet 99 van 1981, artikel 2 van Wet 118 van 1984, artikel 3 van Wet 81 van 1985, artikel 3 van Wet 86 van 1987, artikel 4 van Wet 87 van 1988, artikel 36 van Wet 9 van 1989, artikel 1 van Wet 69 van 1989, artikel 79 van Wet 89 van 1991, artikel 6 van Wet 120 van 1992, artikel 4 van Wet 136 van 1992, artikel 5 van Wet 97 van 1993, artikel 2 van Wet 37 van 1995, artikel 3 van Wet 32 van 1999, artikel 3 van Wet 30 van 2000, artikel 2 van Wet 5 van 2001, artikel 8 van Wet 60 van 2001, artikel 3 van Wet 30 van 2002 en artikel 4 van Wet 74 van 2002

3. Artikel 9 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf *(l)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(l)* enige maatskappy ingevolge—

(i) **[enige]** 'n amalgamasietransaksie, in artikel 44 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962) bedoel;

(ii) **[enige]** 'n intragroeptransaksie in artikel 45 van daardie Wet bedoel; of

(iii) **[enige]** 'n likwidasie-uitkering bedoel in artikel 47 van daardie Wet; of

(iv) 'n transaksie wat 'n transaksie of uitkering in subparagrawe (i) tot (iii) bedoel sou uitmaak, ongeag of—

(aa) 'n keuse uitgeoefen is dat die bepalings van daardie artikel van toepassing is of nie; of

(bb) daardie persoon daardie eiendom as 'n kapitale bate of as handelsvoorraad verkry het,

waar die openbare amptenaar van daardie maatskappy onder eed of plegtige verklaring verklaar het dat daardie **[amalgamasietransaksie, intragroeptransaksie of likwidasie-uitkering voldoen aan die relevante bepalings vervat in artikel 44, 45 of 47, na gelang van die geval, van daardie Wet]** verkryging van eiendom aan die bepalings van hierdie paragraaf voldoen."; en

(b) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(18) Geen reg is betaalbaar nie waar—

(a) enige 'old order right' of 'OP26 reg' soos in Bylae II by die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002' (Wet No. 28 van 2002), omskryf geheel of gedeeltelik van krag bly of geheel of

28 of 2002), wholly or partially continues in force or is wholly or partially converted into a new right pursuant to that Schedule; or

(b) any prospecting right, mining right, exploration right, production right, mining permit or retention permit, as defined in section 1 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, is wholly or partially renewed in terms of that Act.

(19) No duty shall be payable by a natural person on the conversion in terms of Item 8 of Schedule 1 to the Share Blocks Control Act, 1980 (Act No. 59 of 1980), of any right to or interest in the use of immovable property conferred by reason of the ownership of a share held by that person in a share block company as contemplated in section 1 of that Act, to ownership in the unit in respect of which that person had the right of use, if the acquisition of that share was subject to duty in terms of this Act.".

(2) *(a)* Subsection (1)*(a)* shall be deemed to have come into operation on 6 November 2002 and shall apply in respect of any property acquired in terms of an amalgamation transaction, intra-group transaction, liquidation distribution or other transaction which takes effect on or after that date.

(b) Subsection (1)*(b)* shall—

(i) in so far as it inserts subsection (18), come into operation on the date of promulgation of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, (Act No. 28 of 2002), and shall apply in respect of any continuation in force, conversion or renewal on or after that date; and

(ii) in so far as it inserts subsection (19) come into operation on 13 December 2002 and shall apply in respect of any property acquired on or after that date.

Amendment of section 11A of Act 40 of 1949, as inserted by section 5 of Act 46 of 1996 and amended by section 9 of Act 30 of 1998 and section 9 of Act 60 of 2001

4. Section 11A of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the definitions of "documents" and "information" of the following definitions:

" 'documents' include any document, book, marketable security, record, account, deed, plan, instrument, trade list, stock list, brokers note, affidavit, certificate, photograph, map, drawing and any **['computer print-out' as defined in section 1 of the Computer Evidence Act, 1983 (Act No. 57 of 1983)]** printout of information generated, sent, received, stored, displayed or processed by electronic means;

'information' includes any **[data stored by means of a 'computer' as defined in section 1 of the Computer Evidence Act, 1983]** electronic representations of information in any form;".

Insertion of sections 13A, 13B and 13C in Act 40 of 1949

5. The following sections are hereby inserted in the Transfer Duty Act, 1949, after section 13:

"**Recovery of duty**

13A. (1) Any amount of duty, additional duty or penalty incurred under this Act and which is payable in terms of this Act shall, when it becomes due or is payable, be a debt due to the State by the person concerned and shall be recoverable by the Commissioner in the manner hereinafter provided.

(2) If any person fails to pay any amount of duty, additional duty or penalty incurred under this Act when it becomes due or is payable by such person, the Commissioner may file with the clerk or registrar of any competent court a statement certified by the Commissioner as correct and setting forth the amount thereof so due or payable by that person, and that

gedeeltelik omgeskakel word na 'n nuwe reg kragtens daardie Bylae; of

(b) enige 'prospecting right', 'mining right', 'exploration right' 'production right', 'mining permit' of 'retention permit', soos in artikel 1 van die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002', omskryf, in geheel of gedeeltelik hernu word ingevolge daardie Wet.

(19) Geen reg is deur 'n natuurlike persoon betaalbaar nie waar enige reg tot of belang in die gebruik van onroerende eiedom wat verleen is op grond van eienaarskap van 'n aandeel deur daardie persoon in 'n aandeleblokmaatskappy soos in artikel 1 van daardie Wet bedoel gehou, ingevolge Item 8 van die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980 (Wet No. 59 van 1980), omgeskakel word na eienaarskap in die eenheid ten opsigte waarvan daardie persoon die reg van gebruik gehad het, indien die verkryging van daardie aandeel ingevolge hierdie Wet aan reg onderhewig was.".

(2)*(a)* Subartikel (1)*(a)* word geag op 6 November 2002 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van enige eiendom verkry ingevolge 'n amalgamasie-transaksie, intragroeptransaksie, likwidasie-uitkering of ander transaksie wat op of na daardie datum in werking tree.

(b) Subartikel (1)*(b)*—

(i) vir sover dit subartikel (18) invoeg, tree in werking op die datum van afkondiging van die "Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002" (Wet No. 28 van 2002), en is van toepassing ten opsigte van enige voortduring, omskakeling of hernuwing op of na daardie datum; en

(ii) vir sover dit subartikel (19) invoeg, tree in werking op 13 Desember 2002 en is van toepassing ten opsigte van enige eiendom op of na daardie datum verkry.

Wysiging van artikel 11A van Wet 40 van 1949, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 46 van 1996 en gewysig deur artikel 9 van Wet 30 van 1998 en artikel 9 van Wet 60 van 2001

4. Artikel 11A van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woordomskrywings van "dokumente" en "inligting" deur die volgende woordomskrywings te vervang:

" 'dokumente' ook enige dokument, ooreenkoms, verklaring, boek, rekord, rekening, akte, plan, instrument, handelslys, voorraadlys, beëdigde verklaring, sertifikaat, foto, kaart, tekening en enige **['rekenaardrukstuk' soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Rekenaargetuienis, 1983 (Wet 57 van 1983)]** uitdruk van inligting wat op elektroniese wyse gegenereer, gestuur, ontvang, gestoor, vertoon of geprosesseer is;

'inligting' ook enige **[data gestoor deur middel van 'n 'rekenaar' soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Rekenaargetuienis, 1983]** elektroniese weegawe van inligting in enige vorm;".

Invoeging van artikels 13A, 13B en 13C in Wet 40 van 1949

5. Die volgende artikels word hierby in die Wet op Hereregte, 1949, ingevoeg na artikel 13:

"**Verhaling van reg**

13A. (1) Enige bedrag aan reg, addisionele reg of boete wat kragtens hierdie Wet opgelê is of ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, is wanneer dit verskuldig word of betaalbaar is, 'n skuld aan die Staat verskuldig deur die betrokke persoon en is op die wyse hieronder bepaal, deur die Kommissaris verhaalbaar.

(2) Indien 'n persoon versuim om enige bedrag van reg, addisionele reg of boete ingevolge hierdie Wet opgelê te betaal wanneer dit deur daardie persoon verskuldig word of betaalbaar is, kan die Kommissaris by die klerk of griffier van 'n bevoegde hof 'n verklaring indien wat deur die Kommissaris as juis gesertifiseer is en waarin die bedrag daarvan aldus deur

statement shall thereupon have all the effects of, and any proceedings may be taken thereon as if it were a civil judgement lawfully given in that court in favour of the Commissioner for a liquid debt of the amount specified in the statement.

(3) The Commissioner may by notice in writing addressed to the clerk or registrar, withdraw the statement referred to in subsection (2), and that statement shall thereupon cease to have any effect: Provided that the Commissioner may institute proceedings afresh under that subsection in respect of any duty, additional duty or penalty referred to in the withdrawn statement.

(4) Notwithstanding anything contained in the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), a statement for any amount whatsoever may be filed in terms of subsection (2) with the clerk of the magistrates' court having jurisdiction in respect of the person by whom the amount is payable in accordance with the provisions of this Act.

(5) Pending the conclusion of any proceedings, whether internally or in any court, regarding a dispute as to the amount of any duty, additional duty or penalty payable, the statement filed in terms of subsection (2) shall, for purposes of recovery proceedings contemplated in subsection (2), be deemed to be correct.

Power to appoint agent

13B. The Commissioner may, if he or she deems it necessary, declare any person to be the agent of any other person, and the person so declared an agent—

(a) shall for the purposes of this Act be the agent of that other person in respect of the payment of any amount of duty, additional duty or penalty payable by that other person under this Act; and

(b) may be required to make payment of that amount from any moneys which may be held by that agent for or be due by that agent to the person whose agent he or she has been declared to be:

Provided that a person so declared an agent who is unable to comply with a requirement of the notice of appointment as agent, must advise the Commissioner in writing of the reasons for not complying with that notice within the period specified in the notice.

Remedies of Commissioner against agent or trustee

13C. The Commissioner shall have the same remedies against all property of any kind vested in or under the control or management of any agent or trustee as the Commissioner would have against the property of any person liable to pay any duty and in such a full and an ample manner.".

Amendment of section 16 of Act 40 of 1949

6. (1) Section 16 of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

"(1) Where property is sold to a person who is acting as an agent for some other person, the person so acting as agent shall disclose to the seller or his or her agent the name and address of the principal for whom he or she acts, and furnish the seller or his or her agent with a copy of the documents appointing him or her as agent—

(i) if the sale is by **[action, immediately upon]** auction, on the day of acceptance by the auctioneer of his or her offer; or

(ii) if the sale is otherwise than by auction, **[immediately upon]** on the day of conclusion of the agreement of sale.

daardie persoon verskuldig of betaalbaar uiteengesit word, en so 'n verklaring het daarna al die gevolge van 'n siviele vonnis en enige geding kan daarop ingestel word asof dit 'n siviele vonnis is wat regtens in daardie hof ten gunste van die Kommissaris gegee is vir 'n likwiede skuld vir die bedrag in die verklaring vermeld.

(3) Die Kommissaris kan deur skriftelike kennisgewing aan die klerk of griffier gerig, die verklaring in subartikel (2) bedoel intrek, en daardie verklaring het daarna geen uitwerking nie: Met dien verstande dat die Kommissaris geregtelike stappe ingevolge daardie subartikel opnuut kan instel met betrekking tot enige reg, addisionele reg of boete waarna in die ingetrekte verklaring verwys word.

(4) Ondanks enige bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), kan 'n verklaring ten opsigte van enige bedrag hoegenaamd ingevolge subartikel (2) ingedien word by die klerk van die landdroshof wat regsbevoeg is ten aansien van die persoon deur wie daardie bedrag ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet betaalbaar is.

(5) Hangende die afhandeling van enige prosedures, hetsy intern of in enige hof, aangaande 'n dispuut oor die bedrag van enige reg, addisionele reg of boete betaalbaar, word die verklaring ingevolge subartikel (2) ingedien, vir doeleindes van die verhalings prosedures ingevolge artikel (2), geag korrek te wees.

Bevoegdheid om agent aan te stel

13B. Die Kommissaris kan, indien hy of sy dit nodig ag, 'n persoon tot agent van 'n ander persoon verklaar, en die persoon aldus tot agent verklaar—

(a) is by die toepassing van hierdie Wet die agent vir daardie ander persoon ten opsigte van die betaling van enige bedrag aan reg, addisionele reg of boete betaalbaar deur daardie ander persoon kragtens hierdie Wet; en

(b) kan vereis word om betaling van daardie bedrag te maak uit enige gelde wat deur daardie agent gehou word namens of verskuldig mag wees aan die persoon wie se agent hy of sy verklaar is:

Met dien verstande dat waar 'n persoon wat as agent verklaar is nie in staat is om 'n vereiste gestel deur die kennisgewing van aanstelling as agent na te kom nie, daardie persoon die Kommissaris skriftelik in kennis moet stel van die redes vir die nie-nakoming aan die kennisgewing binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer.

Regsmiddele van Kommissaris teen agent of trustee

13C. Die Kommissaris het dieselfde regsmiddele teen alle eiendom van welke aard ook al wat gevestig is in of onder die beheer of bestuur is van 'n agent of trustee, as wat die Kommissaris sou hê teen die eiendom van 'n persoon wat aanspreeklik is om enige reg te betaal en in dieselfde mate en wyse.".

Wysiging van artikel 16 van Wet 40 van 1949

6. (1) Artikel 16 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Waar eiendom verkoop word aan iemand wat as 'n agent namens iemand anders optree, moet die persoon wat aldus as agent optree die naam en adres van die prinsipaal namens wie hy of sy optree aan die verkoper of sy of haar agent openbaar en aan die verkoper of sy of haar agent 'n afskrif van die dokumente wat hom of haar as agent aanstel, verskaf—

(i) indien die verkoping by veiling geskied, **[onmiddellik na]** op die dag van aanname deur die afslaer van sy aanbod; of

(ii) indien die verkoping op 'n ander wyse dan by veiling geskied, **[onmiddellik na]** op die dag van sluiting van die koopkontrak.

(2) Any person who **[fails to comply with the provisions of]** has been appointed as an agent and has in his or her possession the documents referred to in subsection (1), but fails to furnish these documents and the name of the person on whose behalf he or she is acting to the seller or his or her agent on the date specified in subsection (1) shall, for the purpose of the payment of the duty payable in respect of the acquisition of the property in question, be presumed, unless the contrary is proved, to have acquired the property for himself or herself.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of any sale to an agent on or after that date.

Insertion of section 17A in Act 40 of 1949

7. (1) The following section is hereby inserted in the Transfer Duty Act, 1949, after section 17:

"**Additional duty in case of evasion**

17A. (1) Where any person or any person under the control or acting on behalf of that person fails to perform any duty imposed upon him or her by this Act or does or omits to do anything with intent—

(a) to evade the payment of any amount of duty payable by him or her; or

(b) to cause a refund to him or her by the Commissioner of any amount of duty which is in excess of the amount properly refundable to him or her (hereafter referred to as 'the excess'),

that person shall be chargeable with additional duty not exceeding an amount equal to double the amount of duty referred to in paragraph *(a)* or the excess referred to in paragraph *(b)*, as the case may be.

(2) The amount of the additional duty shall be assessed by the Commissioner and shall be paid by the person within such period as the Commissioner may allow.

(3) The power conferred upon the Commissioner by this section shall be in addition to any right conferred upon him or her by this Act to institute or take other proceedings under this Act.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of any failure or omission in respect of any amount of duty which becomes payable on or after that date.

Amendment of section 18 of Act 40 of 1949, as amended by section 3 of Act 27 of 1997 and substituted by section 10 of Act 60 of 2001

8. (1) Section 18 of the Transfer Duty Act, 1949, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* settlement of disputes, as provided for in **[section 107B]** Part IIIA of Chapter III of that Act,".

(b) by the addition of the following subsections:

"(4) The obligation to pay and the right to receive and recover any duty or penalty chargeable under this Act shall not, unless the Commissioner so directs, be suspended by any appeal or pending the decision of a court of law.

(5) If any assessment relating to an appeal contemplated in subsection (4) is altered on appeal or in conformity with any such decision or a decision by the Commissioner to concede the appeal to the tax board or the tax court or such court of law, a due adjustment shall be made, amounts paid in excess being refunded with interest at a rate contemplated in paragraph *(b)* of the definition of 'prescribed rate', in section 1 of the Income Tax Act, 1962, and calculated from the date proved to the satisfaction of the Commissioner to be the date on which any excess was received and amounts short-paid being recoverable with penalty calculated as provided in section 4.

(2) Iemand wat **[in gebreke bly om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen]** as 'n agent aangestel is en die dokumente in subartikel (1) bedoel in sy of haar besit het, maar versuim om hierdie dokumente en die naam van die persoon namens wie hy of sy optree aan die verkoper of sy of haar agent te voorsien op die datum in subartikel (1) bedoel, word vir die betaling van die hereregte wat ten opsigte van die verkryging van die betrokke eiendom betaalbaar is, vermoed die eiendom vir himself of haarself te verkry het tensy die teendeel bewys word.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum van afkondiging van hierdie Wet en is van toepassing ten opsigte van enige verkoop aan 'n agent op of na daardie datum.

Invoeging van artikel 17A in Wet 40 van 1949

7. (1) Die volgende artikel word hierby in die Wet op Hereregte, 1949, ingevoeg na artikel 17:

"**Addisionele belasting in geval van ontduiking**

17A. (1) Waar 'n persoon of enige persoon onder die beheer van of wat namens die persoon optree versuim om enige plig wat deur hierdie Wet op hom of haar geplaas word te verrig of iets doen of nalaat om dit te doen, met die opset—

(a) om die betaling van enige bedrag reg wat deur hom of haar betaalbaar is, te ontduik; of

(b) om 'n terugbetaling deur die Kommissaris van 'n bedrag aan reg aan hom of haar te veroorsaak wat die bedrag behoorlik aan hom of haar terugbetaalbaar oorskry (hierna 'die oorskot' genoem),

word addisionele reg op daardie persoon gehef wat nie meer is nie as 'n bedrag gelyk aan dubbel die bedrag van reg in paragraaf *(a)* bedoel of die oorskot in paragraaf *(b)* bedoel, na gelang van die geval.

(2) Die bedrag van die addisionele reg word deur die Kommissaris vasgestel en word deur die persoon betaal binne die tydperk wat die Kommissaris toelaat.

(3) Die bevoegdheid deur hierdie artikel aan die Kommissaris verleen geld bo en behalwe enige reg aan hom of haar deur hierdie Wet verleen om ander stappe ingevolge hierdie Wet in te stel of te doen.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum van afkondiging van hierdie Wet en is van toepassing ten opsigte van enige nalate of versuim ten opsigte van 'n bedrag van reg wat op of na daardie datum betaalbaar word.

Wysiging van artikel 18 van Wet 40 van 1949, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 27 van 1997 en vervang deur artikel 10 van Wet 60 van 2001

8. (1) Artikel 18 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die beslegting van geskille, soos in **[artikel 107B]** Deel IIIA van Hoofstuk III van daardie Wet bepaal,"; en

(b) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) Die verpligting om enige reg of boete hefbaar onder hierdie Wet te betaal en die reg om dit te ontvang en te verhaal, word nie opgeskort deur enige appèl or hangende die besluit van 'n hof nie, tensy die Kommissaris so bepaal.

(5) Indien enige aanslag wat verband hou met 'n appèl soos in subartikel (4) beoog gewysig word op appèl of in ooreenstemming met enige so 'n besluit of besluit deur die Kommissaris om die appèl na die belastingraad of belastinghof toe te gee, sal sodanige aanpassing gemaak word, bedrae oorbetaal sal terugbetaal word met rente teen 'n koers in paragraaf *(b)* van die omskrywing van 'voorgeskrewe koers', in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, en bereken vanaf die datum wat tot die Kommissaris se bevrediging bewys word die datum te wees waarop die bedrag oorbetaal ontvang is en bedrae kort-betaal sal verhaal word met boete bereken soos voorgeskryf word in artikel 4.

(6) The payment by the Commissioner of any interest under the provisions of subsection (5) shall be deemed to be a drawback from revenue charged to the National Revenue Fund.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of any appeal noted on or after that date.

Insertion of section 20B in Act 40 of 1949

9. (1) The following section is hereby inserted in the Transfer Duty Act, 1949, after section 20A:

"**Transactions, operations, schemes or understanding for obtaining undue tax benefits**

20B. (1) Notwithstanding anything in this Act, whenever the Commissioner is satisfied that any transaction, operation, scheme or understanding (whether enforceable or not), including all steps by which it is carried into effect—

(a) has been entered into or carried out which has the effect of granting a tax benefit to any person; and

(b) having regard to the substance of the transaction, operation, scheme or understanding—

(i) was entered into or carried out in a manner which would not normally be employed for *bona fide* business purposes, other than the obtaining of a tax benefit; or

(ii) has created rights or obligations which would not normally be created between persons dealing at arm's length; and

(c) was entered into or carried out solely or mainly for the purposes of obtaining a tax benefit,

the Commissioner shall determine the liability for any duty imposed by this Act, and the amount thereof, as if the transaction, operation, scheme or understanding had not been entered into or carried out, or in such manner as in the circumstances of the case the Commissioner deems appropriate for the prevention or diminution of such tax benefit.

(2) For the purpose of this section 'tax benefit' means—

(a) any reduction in the liability of any person to pay duty;

(b) any increase in the entitlement of any person to the refund of duty; or

(c) any other avoidance or postponement of liability for the payment of any duty imposed by this Act or any tax, duty or levy imposed by any other Act administered by the Commissioner.

(3) Any decision of the Commissioner under subsection (1) shall be subject to objection and appeal, and whenever in proceedings relating thereto it is proved that the relevant transaction, operation, scheme or understanding results or would result in a tax benefit, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such transaction, operation, scheme or understanding was entered into or carried out solely or mainly for the purpose of obtaining a tax benefit.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the date of promulgation of this Act and shall apply in respect of any acquisition in terms of a transaction, operation, scheme or understanding entered into on or after that date.

Amendment of section 8A of Act 45 of 1955, as substituted by section 7 of Act 46 of 1996 and amended by section 15 of Act 30 of 1998 and section 13 of Act 60 of 2001

10. Section 8A of the Estate Duty Act, 1955, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the definitions of "documents" and "information" of the following definitions:

(6) Die betaling deur die Kommissaris van enige rente onder die bepalings van subartikel (5) word geag 'n trekking van inkomste ten laste van die Nasionale Inkomstefonds te wees.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum van afkondiging van hierdie Wet en is van toepassing ten opsigte van enige appèl op of na daardie datum aangeteken.

Invoeging van artikel 20B in Wet 40 van 1949

9. (1) Die volgende artikel word hierby in die Wet op Hereregte, 1949, ingevoeg na artikel 20A:

"Transaksies, handelinge, skemas of verstandhoudings vir verkryging van onbehoorlike belastingvoordele

20B. (1) Ondanks enige bepaling van hierdie Wet, wanneer die Kommissaris oortuig is dat enige transaksie, handeling, skema of verstandhouding (hetsy afdwingbaar of nie), waarby ingesluit enige stappe waardeur dit uitgevoer word—

(a) aangegaan of uitgevoer is wat die uitwerking het dat 'n belastingvoordeel aan enige persoon verleen word; en

(b) met inagneming van die substansie van die skema, handeling, skema of verstandhouding—

(i) aangegaan of uitgevoer was deur middele of op 'n wyse wat nie normaalweg vir bona fide- sakedoeleindes, behalwe die verkryging van 'n belastingvoordeel, gebruik sou word nie; of

(ii) regte of verpligtings geskep het wat nie normaalweg tussen persone wat onder uiterste voorwaardes beding, geskep sou word nie; en

(c) aangegaan of uitgevoer was uitsluitlik of hoofsaaklik om 'n belastingvoordeel te verkry,

(b) make recommendations to the Commissioner on matters prescribed by rule

(3) Any decision signed by the chairperson of the appeal committee shall be regarded as a decision of the committee and to have been made by an officer.

(4) The chairperson of the appeal committee must maintain a record of the proceedings prescribed by rule.

Decision of Commissioner and Committee

77F. (1) The Commissioner may—

(a) refer the matter back to the committee for further consideration;

(b) reject or accept or accept and vary the recommendation of the committee;

(c) confirm or amend the decision or withdraw it and make a new decision.

(2) Whenever an appeal has been considered in terms of this section any period within which any person may prosecute an appeal against or institute any other judicial proceedings in connection with such decision, shall commence on the date on which the Commissioner or the chairperson of the committee in writing advises the person concerned of the final decision of the appeal.

Obligation to pay amount demanded

77G. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, the obligation to pay to the Commissioner and right of the Commissioner to receive and recover any amount demanded in terms of any provision of this Act, shall not, unless the Commissioner so directs, be suspended by an appeal in terms of this section or pending a decision by court.

(b) binne 90 na die datum waarop enige sodanige persoon bewus geword het of die datum waarop van sodanige persoon redelikerwys verwag kon word om van sodanige beslissing bewus te geword het; of

(c) binne 'n verdere tydperk van 90 dae, waar die Kommissaris op goeie gronde aangetoon oortuig is dat sodanige persoon verhoed is om 'n appèl soos vereis in paragrawe *(a)* en (b) in te dien.

(2) Die appèl kan deur die betrokke persoon self of 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger ingestel word.

(3) Sodanige appèl moet skriftelik wees en moet die besonderhede uiteensit en ondersteun word deur die dokumente wat by reël voorgeskryf word.

Termyn waarbinne appèl oorweeg moet word

77D. (1) 'n Appèl moet, behoudens subartikel (2), binne 'n tydperk van 90 dae na die datum van indiening van 'n kennisgewing van appèl oorweeg word en die Kommissaris moet die persoon wat die appèl ingedien het van die finale bepaling of beslissing skriftelik binne daardie tydperk in kennis stel.

(2) *(a)* Geen appèl word later as 180 dae na die datum van die beslissing oorweeg nie, tensy die tydperk op goeie gronde aangetoon deur die Kommissaris verleng word.

(b) Waar die Kommissaris weier om die genoemde tydperk te verleng kan dit by aansoek deur die betrokke persoon deur die Hoë Hof verleng word.

Aanstelling en funksie van appèlkomitee

77E. (1) Die Kommissaris kan 'n komitee van beamptes of 'n komitee van beamptes en ander persone aanstel om appèlle te oorweeg en oor te beslis of om aanbevelings in verband met sodanige appèlle aan die Kommissaris te doen.

(2) 'n Appèlkomitee kan aangeleenthede wat by reël voorgeskryf word—

(a) oorweeg en beslis; of

(b) daaroor aanbevelings aan die Kommissaris doen.

(3) Enige beslissing geteken deur die voorsittende persoon van die appèlkomitee word as 'n beslissing van die komitee beskou en dat dit deur 'n beampte geneem is.

(4) Die voorsittende persoon van 'n appèlkomitee moet 'n rekord by reël voorgeskryf van die verrigtinge in stand hou.

Beslissing van Kommissaris en Komitee

77F. (1) Die Kommissaris kan—

(a) die aangeleentheid na die komitee vir verdere oorweging terugverwys;

(b) die aanbeveling van die komitee verwerp, of aanvaar of dit aanvaar en wysig;

(c) die beslissing bevestig of wysig of intrek en 'n nuwe beslissing neem.

(2) Wanneer 'n appèl ingevolge hierdie artikel oorweeg is begin enige tydperk waarbinne enige persoon 'n appèl kan voortsit teen, of enige ander regsgeding kan instel in verband met sodanige beslissing, op die datum waarop die Kommissaris of die voorsittende persoon van die komitee, die betrokke persoon van die finale beslissing van die appèl skriftelik in kennis stel.

Verpligting om bedrag aangevra te betaal

77G. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Wet, word die verpligting om aan die Kommissaris te betaal en die reg van die Kommissaris om enige bedrag aangevra ingevolge enige bepaling van hierdie Wet te ontvang en in te vorder nie, tensy die Kommisssaris aldus gelas, deur 'n appèl ingevolge hierdie artikel of in afwagting van 'n beslissing van die hof opgeskort nie.

Rules

77H. The Commissioner may make rules—

(a) to prescribe at which office any appeal committee shall be constituted, and the composition of such committee;

(b) to prescribe which decisions or categories of decisions of officers may be appealed against to the appeal committee;

(c) to prescribe appeal procedures, conduct of meetings of committees and such forms as may be required for the purpose of this Part;

(d) in respect of all matters which are required or permitted in terms of this Part to be prescribed by rule;

(e) in respect of any matter relating to the appointment of persons other than officers to an appeal committee which may include requirements relating to qualifications, conduct, resignation, removal from office and remuneration;

(f) to delegate, subject to subsection 3(2), any of the powers that may be exercised or assign any of the duties that shall be performed by the Commissioner in accordance with the provisions of this Part or any other relevant provision of this Act;

(g) in respect of any other matter which the Commissioner may consider reasonably necessary and useful for the purposes of administering the provisions of this Part.

Part B

Alternative Dispute Resolution

77I. (1) The Minister may, after consultation with the Minister of Justice, promulgate rules to provide for—

(a) alternative dispute resolution procedures in terms of which the Commissioner and the person aggrieved by a decision may resolve a dispute; and

(b) categories of decisions which are or are not suitable for alternative dispute resolution.

(2) The rules so published shall be part of this Act.

Part C: Settlement of dispute

Definitions

77J. For the purposes of this Part 'settle' means to resolve a dispute by compromising any disputed liability, otherwise than by way of either the Commissioner or the person concerned accepting the other party's interpretation of the facts or the law applicable to those facts, or of both the facts and the law, and 'settlement' shall be construed accordingly.

Purpose of this Part

77K. (1) The basic principle in law is that it is the duty of the Commissioner to assess and collect taxes, duties, levies, charges and other amounts according to the laws enacted by Parliament and not to forgo any such taxes, duties, levies, charges or other amounts properly chargeable and payable.

(2) Circumstances may, however, require that the strictness and rigidity of this basic principle be tempered where it would be to the best advantage of the state.

(3) The purpose of this Part is to prescribe the circumstances whereunder it would be inappropriate and whereunder it would be appropriate that the basic rule be tempered and for a decision to be taken to settle a dispute.

Reëls

77H. Die Kommissaris kan reëls uitvaardig—

(a) om voor te skryf by welke kantoor enige appèlkomitee saamgestel word en die samestelling van sodanige komitee;

(b) om voor te skryf teen watter beslissings of kategorië van beslissings van beamptes na die appèlkomitee geappelleer kan word;

(c) om appèlprosedures, werkswyse van vergaderings van komitees en sodanige vorms wat nodig is vir die doeleindes van hierdie Deel, voor te skryf;

(d) ten opsigte van alle aangeleenthede wat ingevolge hierdie Deel voorgeskryf moet of kan word;

(e) ten opsigte van enige aangeleentheid aangaande die aanstelling van persone wat nie beamptes is nie op 'n appèlkomitee wat vereistes aangaande kwalifikasies, gedrag, bedanking, afsit en besoldiging kan insluit;

(f) om behoudens subartikel 3 (2), enige bevoegdhede wat deur die Kommissaris uitgeoefen kan word of enige van die pligte wat verrig moet word ooreenkomstig die bepalings van hierdie Deel of enige ander relevante bepaling van hierdie Wet, te delegeer of toe te wys;

(g) ten opsigte van enige ander aangeleentheid wat die Kommissaris redelik noodsaaklik en nuttig beskou vir die doeleindes om die bepalings van hierdie Deel te administreer.

Deel B

Alternatiewe Geskilbeslegting

77I. (1) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Minister van Justisie, reëls promulgeer om voorsiening te maak vir—

(a) alternatiewe geskilbeslegtingprosedures ingevolge waarvan die Kommissaris en die persoon wat gegrief is deur 'n beslissing, die geskil kan besleg; en

(b) kategoriëe van beslissings wat wel of nie vir alternatiewe geskilbeslegting geskik is nie.

(2) Die reëls aldus gepubliseer is deel van hierdie Wet.

Deel C: Beslegting van Geskil

Woordomskrywings

77J. By die toepassing van hierdie Deel beteken 'besleg' om 'n geskil op te los deur 'n aanspreeklikheid wat betwis word te skik, anders as waar óf die Kommissaris óf die betrokke persoon die ander party se uitleg van die feite of die reg van toepassing op daardie feite, of van beide die feite en die reg, aanvaar, en 'beslegting' word dienooreenkomstig uitgelê.

Doel van hierdie Deel

77K. (1) Die basiese beginsel in die reg is dat dit die plig van die Kommissaris is om belastings, regte, heffings, tariewe en ander bedrae ingevolge die wette deur die Parlement ingestel aan te slaan en te vorder en om nie daardie belastings, regte, heffings, tariewe of ander bedrae behoorlik hefbaar en betaalbaar, op te sê nie.

(2) Omstandighede mag egter vereis dat die strengheid en onbuigsaamheid van die basiese beginsel getemper word waar dit tot die beste voordeel van die staat sal wees.

(3) Die doel van hierdie Deel is derhalwe om die omstandighede voor te skryf waaronder dit ongepas is en waaronder dit gepas sal wees dat die basiese reël getemper word en dat 'n besluit geneem word om 'n geskil te besleg.

Circumstances where inappropriate to settle

77L. It will be inappropriate and not to the best advantage of the state to settle a dispute, where, in the opinion of the Commissioner—

(a) the action on the part of the person concerned which relates to the dispute, constitutes intentional tax evasion or fraud and no circumstances contemplated in section 77M exist;

(b) the settlement would be contrary to the law or a clearly established practice of the Commissioner on the matter, and no exceptional circumstances exist to justify a departure from the law or practice;

(c) it is in the public interest to have judicial clarification of the issue and the case is appropriate for this purpose;

(d) the pursuit of the matter through the courts will significantly promote compliance of the tax laws and the case is suitable for this purpose; or

(e) the person concerned has not complied with the provisions of any Act administered by the Commissioner and the Commissioner is of the opinion that the non-compliance is of a serious nature.

Circumstances where appropriate to settle

77M. The Commissioner may, where it will be to the best advantage of the state, settle a dispute, in whole or in part, on a basis that is fair and equitable to both the person concerned and SARS, having regard to *inter alia*—

(a) whether that settlement would be in the interest of good management of the tax system, overall fairness and the best use of the Commissioner's resources;

(b) the cost of litigation in comparison to the possible benefits with reference to—

(i) the prospects of success in a court;

(ii) the prospects of collection of the amounts due; and

(iii) the costs associated with collection;

(c) whether there are any—

(i) complex factual or quantum issues in contention; or

(ii) evidentiary difficulties,

which are sufficient to make the case problematic in outcome or unsuitable for resolution through the alternative dispute resolution procedures or the courts;

(d) a situation where a participant or a group of participants in a tax avoidance arrangement has accepted the Commissioner's position in the dispute, in which case the settlement may be negotiated in an appropriate manner required to unwind existing structures and arrangements; or

(e) whether the settlement of the dispute will promote compliance of the tax laws by the person concerned or a group of taxpayers or a section of the public in a cost-effective way.

Power to settle and conduct of officials

77N. (1) A dispute may be settled, as contemplated in this Part, by the Commissioner personally or any official delegated by the Commissioner for that purpose.

(2) The Commissioner or the relevant delegated official must ensure that he or she does not have, or did not at any stage have, a personal, family, social, business, professional, employment or financial relationship with the person concerned.

Omstandighede waar dit nie gepas is om te besleg nie

77L. Dit is nie gepas en tot die beste voordeel van die staat om 'n geskil te besleg nie waar, na die mening van die Kommissaris—

(a) die handeling aan die kant van die betrokke persoon wat met die geskil verband hou, opsetlike belastingontduiking of bedrog daarstel en geen van die omstandighede in artikel 77M bedoel, teenwoordig is nie;

(b) die beslegting in stryd sal wees met die reg of 'n duidelik gevestigde praktyk van die Kommissaris oor die aangeleentheid, en geen uitsonderlike omstandighede bestaan om 'n afwyking van die reg of praktyk te regverdig nie;

(c) dit in die openbare belang is om 'n geregtelike opklaring van die geskilpunt te verkry en die saak vir die doel gepas is;

(d) die voortsetting van die aangeleentheid deur die howe nakoming van die belastingwette wesenlik sal bevorder en die saak vir die doel gepas is; of

(e) die betrokke persoon nie aan die bepalings van enige Wet wat deur die Kommissaris geadministreer word, voldoen het nie en die Kommissaris van mening is dat die nie-nakoming van 'n ernstige aard is.

Omstandighede waar dit gepas is om te besleg

77M. Die Kommissaris kan, waar dit tot die beste voordeel van die staat sal wees, 'n geskil in die geheel of gedeeltelik besleg, op 'n basis wat regverdig en billik vir beide die betrokke persoon en SAID is, na in agneming van onder andere—

(a) of daardie beslegting in die belang van goeie bestuur van die belastingstelsel, algemene billikheid en die beste gebruik van SAID se hulpbronne sal wees;

(b) die koste van litigasie in verhouding tot die moontlike voordele met verwysing na—

(i) die kanse op sukses in 'n hof;

(ii) die kanse op invordering van die bedrae verskuldig; en

(iii) die koste wat met invordering verband hou;

(c) of daar enige—

(i) komplekse feitelike of quantum kwessies in geskil is; of

(ii) bewysregtelike probleme bestaan,

wat voldoende is om die saak problematies in uitkoms te maak of ongeskik vir beslissing deur middel van die alternatiewe geskil-beslegtingsprosedures of die howe;

(d) 'n geval waar 'n deelnemer of 'n groep deelnemers in 'n belasting-ontduikingsreëling die posisie van die Kommissaris in die geskil aanvaar het, in welke geval die beslegting onderhandel kan word op 'n gepaste wyse om bestaande strukture en reëlings te ontbind; of

(e) of die beslegting van die geskil nakoming van die belastingwette deur die betrokke persoon of 'n groep belastingpligtiges of 'n gedeelte van die publiek op 'n koste effektiewe wyse sal bevorder.

Bevoegdheid om te besleg en optrede van beamptes

77N.(1) 'n Geskil kan besleg word, soos in hierdie Deel bedoel, deur die Kommissaris persoonlik of deur 'n gedelegeerde beampte wat deur die Kommissaris vir daardie doel aangewys is.

(2) Die Kommissaris of die betrokke gedelegeerde beampte moet toesien dat hy of sy nie 'n persoonlike, gesins-, sosiale, besigheids-, professionele, diens- of finansiële verhouding met die betrokke persoon het of op enige stadium gehad het nie.

Procedure for settlement

77O. (1) The person concerned should at all times disclose all relevant facts in discussions during the process of settling a dispute.

(2) Any settlement will be conditional upon full disclosure of material facts known to the person concerned at the time of settlement.

(3) All disputes settled in whole or in part, as contemplated in this Part, must be evidenced by a written agreement between the parties in the format as may be prescribed by the Commissioner and must include details on—

(a) how each particular issue was settled;

(b) relevant undertakings by the parties;

(c) treatment of that issue in future years;

(d) withdrawal of appeals; and

(e) arrangements for payment.

(4) The written agreement will represent the final agreed position between the parties and will be in full and final settlement of all the specified aspects of the dispute in question between the parties.

(5) The Commissioner must, where the dispute is not ultimately settled, explain the further rights regarding the institution of judicial proceedings to the person concerned.

(6) Subject to section 77P, the Commissioner and delegated official must adhere to the secrecy provisions with regard to the information relating to the person concerned and may not disclose the terms of any agreement to third parties unless authorised by law or by the person concerned.

(7) The Commissioner must adhere to the terms of the agreement, unless it emerges that material facts were not disclosed to it or there was fraud or misrepresentation of the facts.

(8) The Commissioner has the right to recover any outstanding amounts in full where the person concerned fails to adhere to any agreed payment arrangement.

Register of settlements and reporting

77P. (1) The Commissioner must—

(a) maintain a register of all disputes settled in the circumstances contained in this Part; and

(b) fully document the process in terms of which each dispute was settled, which document must be signed on behalf of the Commissioner and the person concerned.

(2) The Commissioner must on an annual basis provide to the Auditor-General and to the Minister of Finance a summary of all disputes which were settled in whole or in part during the period of 12 months covered by that summary, which must—

(a) be in such format which, subject to section 3E, does not disclose the identity of the person concerned, and be submitted at such time as may be agreed between the Commissioner and the Auditor-General or Minister of Finance, as the case may be; and

(b) contain details of the number of disputes settled or part settled, the amount of revenue forgone and estimated amount of savings in costs of litigation, which must be reflected in respect of main classes of persons or sections of the public.".

(2) Subsection (1) shall, to the extent that it inserts—

(a) Parts A and B shall come into operation on the date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*;

(b) Part C shall come into operation on the date of Promulgation of this Act.

Prosedure vir beslegting

77O. (1) Die betrokke persoon moet ten alle tye alle relevante feite gedurende gesprekke tydens die proses om 'n geskil te besleg, openbaar.

(2) Enige beslegting is voorwaardelik daarop dat alle wesenlike feite wat op die tyd van die beslegting aan die betrokke persoon bekend is, ten volle geopenbaar word.

(3) Alle geskille in geheel of gedeeltelik besleg, soos in hierdie Deel bedoel, moet deur 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, in die vorm as wat die Kommissaris voorskryf, bevestig word en moet die besonderhede insluit oor—

(a) hoe elke spesifieke geskilpunt besleg is;
(b) relevante ondernemings deur die partye;
(c) hantering van daardie punte in toekomstige jare;
(d) terugtrekking van appèlle; en
(e) reëlings vir betaling.

(4) Die skriftelike ooreenkoms verteenwoordig die finale ooreengekome posisie tussen die partye en is in volle en finale beslegting van al of die betrokke aspekte van die geskil ter sprake tussen die partye.

(5) Die Kommissaris moet, waar die geskil uiteindelik nie besleg word nie, die verdere regte van die instelling van 'n hofgeding aan die betrokke persoon verduidelik.

(6) Behoudens artikel 77P, moet die Kommissaris en gedelegeerde beampte aan die geheimhoudingsbepalings voldoen met betrekking tot inligting wat met die betrokke persoon verband hou en mag nie die terme van enige ooreenkoms aan derde partye bekendmaak nie, tensy deur die wet of die betrokke persoon daartoe gemagtig.

(7) Die Kommissaris moet aan die terme van die ooreenkoms voldoen, tensy dit aan die lig kom dat die wesentlike feite nie geopenbaar is nie of waar daar bedrog of wanvoorstelling van die feite was.

(8) Die Kommissaris is geregtig om enige uitstaande bedrae ten volle te verhaal waar die betrokke persoon nalaat om aan enige betalingsreëling te voldoen.

Register van beslegtings en verslaggewing

77P. (1) Die Kommissaris moet—

(a) 'n register hou van alle geskille wat in die omstandighede in hierdie Deel vervat, besleg is; en
(b) die proses ingevolge waarvan elke geskil besleg is ten volle dokumenteer, welke dokument namens die Kommissaris en die betrokke persoon onderteken moet word.

(2) Die Kommissaris moet op 'n jaarlikse grondslag 'n opsomming aan die Ouditeur-generaal en die Minister van Finansies voorsien van alle geskille wat in geheel of gedeeltelik gedurende die 12 maande tydperk wat deur daardie opsomming gedek word, besleg is, wat—

(a) in so 'n formaat is wat, behoudens artikel 3E, nie die identiteit van die betrokke persoon openbaarmaak nie, en gelewer moet word op 'n tyd wat die Kommissaris en die Ouditeur-generaal of Minister van Finansies, na gelang van die geval, ooreenkom; en
(b) besonderhede vervat van die aantal geskille wat besleg of gedeeltelik besleg is, die bedrag van inkomste verbeur en geraamde bedrag van besparing in koste van litigasie, wat aangedui moet word ten opsigte van hoofklasse van belastingpligtiges of gedeeltes van die publiek.".

(2) Subartikel (1) in die mate dat dit—

(a) Dele A en B invoeg, tree in werking op die datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal;
(b) Deel C invoeg, tree in werking op die datum van promulgasie van hierdie Wet.

Amendment of section 80 of Act 91 of 1964, as amended by section 10 of Act 85 of 1968, section 27 of Act 105 of 1969, section 28 of Act 112 of 1977, section 22 of Act 86 of 1982, section 7 of Act 89 of 1984, section 12 of Act 52 of 1986, section 27 of Act 84 of 1987, section 32 of act 59 of 1990, section 8 of Act 105 of 1992, section 8 of Act 98 of 1993, section 68 of Act 30 of 1998, section 63 of Act 53 of 1999 and section 62 of Act 59 of 2000

148. Section 80 of the Customs and Excise Act, 1964, is hereby amended by the insertion of the following paragraph:

"*(r)* without lawful cause fails to comply with a notice of appointment as agent in terms of section 114A within the period specified in such notice.".

Amendment of section 89 of Act 91 of 1964

149. (1) Section 89 of the Customs and Excise Act, 1964, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) *(a)* Any litigant must give notice to the Commissioner in writing before serving any process for instituting any proceedings as contemplated in section 96(1)*(a)* within 90 days after the date of seizure.";

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Whenever goods are seized and in consequence of the seizure—

(a) delivery thereof under section 93 is refused or the terms of delivery thereunder are not accepted; or

(b) **[no internal administrative appeal under section 95A is filed or is filed and is not successful; *(c)*]** no proceedings are instituted as contemplated in this section or have been instituted and have been dismissed in a final judgment of the High Court or a judgment by the Supreme Court of Appeal,

the goods concerned shall, subject to the provisions of section 90, be deemed to be condemned and forfeited."

(c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any litigant must give notice to the Commissioner in writing before serving any process for instituting any proceedings as contemplated in section 96(1)*(a)*—

(a) within 90 days after the date of seizure;

(b) in the case of an internal administrative appeal, where such appeal is unsuccessful, within 90 days from the date contemplated in **[subsection 95A (7)]** section 77F.";

(d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Whenever goods are seized and in consequence of the seizure—

(a) delivery thereof under section 93 is refused or the terms of delivery thereunder are not accepted;

(b) no internal administrative appeal contemplated in Part A of Chapter XA is lodged or is lodged and is not successful;

(c) any dispute is not resolved as contemplated in Part B of Chapter XA or not settled as contemplated in Part C of that Chapter;

(d) no proceedings are instituted as contemplated in this section or have been instituted and have been dismissed in a final judgment of the High Court or a judgment by the Supreme Court of Appeal,

the goods concerned shall, subject to the provisions of section 90, be deemed to be condemned and forfeited.".

(2) *(a)* Subsection (1)*(a)* and *(b)* shall come into operation on the date of promulgation of this Act.

(b) Subsection (1)*(c)* and *(d)* shall come into operation when Parts A and B of Chapter XA comes into operation.

Wysiging van artikel 80 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 85 van 1968, artikel 27 van Wet 105 van 1969, artikel 28 van Wet 112 van 1977, artikel 22 van Wet 86 van 1982, artikel 7 van Wet 89 van 1984, artikel 12 van Wet 52 van 1986, artikel 27 van Wet 84 van 1987, artikel 32 van Wet 59 van 1990, artikel 8 van Wet 105 van 1992, artikel 8 van Wet 98 van 1993, artikel 68 van Wet 30 van 1998, artikel 63 van Wet 53 van 1999 en artikel 62 van Wet 59 van 2000

148. Artikel 80 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf in te voeg:

"*(r)* sonder wettige oorsaak versuim om aan 'n kennisgewing van aanstelling as agent ingevolge artikel 114A binne die tydperk van sodanige kennisgewing vermeld, te voldoen.".

Wysiging van artikel 89 van Wet 91 van 1964

149. (1) Artikel 89 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) *(a)* Enige litigant moet voordat enige proses gedien word om enige geding in te stel soos in artikel 96(1)*(a)* beoog word, binne 90 dae na die datum van beslaglegging die Kommissaris skriftelik kennis gee.";

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Wanneer goedere op beslag gelê word en ten gevolge van die beslaglegging—

(a) aflewering daarvan kragtens artikel 93 geweier is of die terme van aflewering daarkragtens nie aanvaar is nie; of

(b) **[(b)geen interne administratiewe appèl kragtens artikel 95A ingedien is nie of is ingedien en is onsuksesvol;]** geen geding is ingestel soos in hierdie artikel beoog nie of is ingestel en is afgewys in 'n finale uitspraak van die Hoë Hof of 'n uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl,

word die betrokke goedere, behoudens die bepalings van artikel 90, geag prysverklaar en verbeur te wees."

(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Enige litigant moet voordat enige proses gedien word om enige geding in te stel, soos in artikel 96 (1) *(a)* beoog word, die Kommissaris skriftelik kennis gee—

(a) binne 90 dae na die datum van beslaglegging; of

(b) in die geval van 'n administratiewe appèl, waar sodanige appèl onsuksesvol was, binne 90 dae vanaf die datum wat in **[subartikel 95A (7)]** artikel 77F beoog word.";

(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Wanneer goedere op beslag gelê word en ten gevolge van die beslaglegging—

(a) aflewering daarvan kragtens artikel 93 geweier is of die terme van aflewering daarkragtens nie aanvaar is nie;

(b) geen interne administratiewe appèl in Deel A van Hoofstuk XA beoog ingedien is nie of is ingedien en is onsuksesvol;

(c) enige geskil is nie bygelê soos beoog in Deel B van Hoofstuk XA nie of nie besleg soos beoog in Deel C van daardie Hoofstuk nie;

(d) geen geding is ingestel soos in hierdie artikel beoog nie of is ingestel en is afgewys in 'n finale uitspraak van die Hoë Hof of 'n uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl, word die betrokke goedere, behoudens die bepalings van artikel 90, geag prysverklaar en verbeur te wees.".

(2) *(a)* Subartikel (1) *(a)* en *(b)* tree in werking op die datum van promulgasie van hierdie Wet.

(b) Subartikel (1) *(c)* en *(d)* tree in werking wanneer Dele A en B van Hoofstuk XA in werking tree.

Substitution of section 93 of Act 91 of 1964, as substituted by section 67 of Act 53 of 1999

150. The following section is substituted for section 93 of the Customs and Excise Act, 1964:

"**Remission or mitigation of penalties and forfeiture**

93. (1) The Commissioner may, on good cause shown by the owner thereof, direct that any ship, vehicle container or other transport equipment, plant, material or other goods detained or seized or forfeited under this Act be delivered to such owner, subject to—

(a) payment of any duty that may be payable in respect thereof;

(b) payment of any charges that may have been incurred in connection with the detention or seizure or forfeiture thereof; and

(c) such conditions as the Commissioner may determine, including conditions providing for the payment of an amount not exceeding the value for duty purposes of such ship, vehicle container or other transport equipment, plant, material or goods plus any unpaid duty thereon.

(2) The Commissioner may, on good cause shown mitigate or remit any penalty incurred under this Act on such conditions as the Commissioner may determine.

(3) *(a)* Any person who, for the purposes contemplated in this section alleges ownership of any ship, vehicle, container or other transport equipment, plant material or other goods shall have the burden of proving such ownership to the satisfaction of the Commissioner; and

(b) Where two or more persons claim ownership of the same ship, vehicle, container or other transport equipment, plant, material or other goods, ownership must be decided by a competent court and the Commissioner shall only grant release thereof to the person or persons as ordered by such court.".

Repeal of section 93A of Act 91 of 1964

151. Section 93A of the Customs and Excise Act, 1964, is hereby repealed.

Amendment of section 101 of Act 91 of 1964, as substituted by section 18 of Act 85 of 1968, and amended by section 12 of Act 98 of 1980, section 63 of Act 45 of 1995 and section 70 of Act 53 of 1999

152. Section 101 of the Customs and Excise Act, 1964, is hereby amended by the substitution for subsection (2B) of the following subsection:

"(2B) Any person referred to in subsection (1) shall keep and produce on demand any **[data created by means of a 'computer' as defined in section 1 of the Computer Evidence Act, 1983 (Act No. 57 of 1983), including data in the electronic form in which it was originally created or in which it is stored for the purposes of backing up such data]** electronic representations of information in any form.".

Amendment of section 101A of Act 91 of 1964, as inserted by section 51 of Act 19 of 2001

153. Section 101A of the Customs and Excise Act, 1964 is hereby amended by the insertion in subsection (10) of the following paragraph:

"*(d)* (i) The Commissioner may, notwithstanding anything to the contrary contained in this section, permit, as prescribed by rule, any person who is registered as a user and has entered into a user agreement as contemplated in subsection (3), to submit electronically any report referred to in paragraph *(a)*, by using the Internet.

(ii) Subject to such exceptions, adaptations or additional requirements as the Commissioner may prescribe by rule, the provisions of this section shall apply to the submission of such report.

(iii) 'Internet' shall have the meaning assigned thereto in the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act. No. 25 of 2002).".

Vervanging van artikel 93 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 67 van Wet 53 van 1999

150. Artikel 93 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Kwytskelding of vermindering van penes en verbeuring**

93. (1) Die Kommissaris kan, op goeie gronde aangetoon, gelas dat enige skip, voertuig, houer of ander vervoertoerusting, installasie, stof of ander goedere kragtens hierdie Wet aangehou of beslag op gelê of verbeur aan die eienaar daarvan afgelewer word onderworpe aan—

(a) betaling van enige reg wat ten opsigte daarvan betaalbaar is;

(b) betaling van enige koste wat in verband met die aanhouding of beslaglegging of verbeuring daarvan aangegaan is; en

(c) sodanige voorwaardes as die Kommissaris bepaal, met inbegrip van voorwaardes wat voorsiening maak vir die betaling van 'n bedrag van hoogstens die waarde vir belastingdoeleindes van sodanige skip, voertuig, houer of ander vervoertoerusting, installasie, stof of goedere plus enige onbetaalde reg daarop.

(2) Die Kommissaris kan op goeie gronde aangetoon enige pene wat ingevolge hierdie Wet opgeloop is, op voorwaardes wat die Kommissaris bepaal verminder of kwytgeskeld.

(3) *(a)* Iemand wat, vir die doeleindes beoog in hierdie artikel, eienaarskap van enige skip, voertuig, houer of ander vervoertoerusting, installasie, stof of ander goedere, beweer, dra die bewyslas om sodanige eienaarskap tot oortuiging van die Kommissaris te bewys; en

(b) Waar twee of meer persone op eienaarskap van dieselfde skip, voertuig, houer of ander vervoertoerusting, installasie, stof of ander goedere, aanspraak maak, moet eiendomsreg deur 'n bevoegde hof beslis word en die Kommissaris gee slegs lossing daarvan aan die persoon of persone soos sodanige hof beveel.".

Herroeping van artikel 93A van Wet 91 of 1964

151. Artikel 93A van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 101 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 18 van Wet 85 van 1968, en gewysig deur artikel 12 van Wet 98 van 1980, artikel 63 van Wet 45 van 1995 en artikel 70 van Wet 53 van 1999

152. Artikel 101 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word hierby gewysig deur subartikel (2B) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2B) In subartikel (1) bedoelde persoon moet enige **[data wat op 'n 'rekenaar' soos in artikel 1 van die Wet op Rekenaargetuienis, 1983 (Wet No. 57 van 1983) omskryf, geskep is, met inbegrip van data in die elektroniewe vorm waarin dit oorspronklik geskep is of waarin dit gestoor word vir die doeleindes om sodanige data te rugsteun]** elektroniese voorstellings van inligting in enige formaat hou en op versoek voorlê.".

Wysiging van artikel 101A van Wet 91 van 1964

153. Artikel 101A van die Doeane- en Aksynswet, 1964 word hierby gewysig deur in subartikel (10) die volgende paragraaf in te voeg:

"*(d)* (i) Die Kommissaris kan, ondanks andersluidende bepalings van hierdie artikel, soos by reël voorgeskryf, enige persoon wat as 'n gebruiker geregistreer is en 'n gebruikersooreenkoms soos beoog in subartikel (3), aangegaan het, toelaat om enige verslag in paragraaf *(a)* bedoel, elektronies voor te lê deur van die Internet gebruik te maak.

(ii) Behoudens sodanige uitsonderings, aanpassings of bykomende vereistes wat die Kommissaris by reël voorskryf, is die bepalings in hierdie artikel van toepassing op die voorlegging van sodanige verslag.

(iii) 'Internet' dra die betekenis wat in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet. No. 25 van 2002) daaraan toegeskryf is.".

Insertion of sections 114A and 114B in Act 91 of 1964

154. The following sections are hereby inserted in the Customs and Excise Act, 1964, after section 114:

"**Power to appoint agent**

114A. The Commissioner may, if he thinks it necessary, declare any person to be the agent of any other person, and the person so declared an agent—

(a) shall for the purposes of this Act be the agent of such other person in respect of the payment of any amount of duty, interest, fine, penalty or forfeiture payable by such other person under this Act, and

(b) may be required to make payment of such amount from any moneys which may be held by him or her for or be due by him or her to the person whose agent he or she has been declared to be:

Provided that a person so declared an agent who, is unable to comply with a requirement of the notice of appointment as agent, must advise the Commissioner in writing of the reasons for not complying with that notice within the period specified in the notice.

Remedies of Commissioner against agent or trustee

114B. The Commissioner shall have the same remedies against all property of any kind vested in or under the control or management of any agent or person acting in a fiduciary capacity as the Commissioner would have against the property of any person liable to pay any duty, interest, fine, penalty or forfeiture payable under this Act and in as full and ample a manner.".

Substitution of Part 3 of Schedule No. 1 to Act 91 of 1964

155. Part 3 of Schedule No. 1 of the Customs and Excise Act, 1964 is hereby substituted by the following Part:

"**PART 3**

ENVIRONMENTAL LEVY

NOTES:

1. Any rate of environmental levy specified in this Part in respect of any goods shall apply to any such goods which are manufactured in the Republic or imported into the Republic.
2. Any environmental levy payable in terms of this Part in respect of any goods specified therein shall be additional to any customs or excise duty payable in terms of Part 1 or 2 in respect of goods of the same class or kind.
3. Imported goods shall not be declared on separate bills of entry for the purpose of Parts 1, 2, 3 and 5 of this Schedule.
4. Whenever the tariff heading or subheading under which any goods are classified in Part 1 of this Schedule is expressly quoted in any environmental levy item of this Part in which such goods are specified, the goods so specified in such environmental levy item shall be deemed to include only goods which are classifiable under the said tariff heading or subheading.
5. Appropriation for own use for any purpose by the manufacturer or owner of any goods specified in this Part shall render such goods liable to entry for home consumption and payment of any environmental levy.

Invoeging van artikels 114A en 114B in Wet 91 van 1964

154. Die volgende artikels word hierby in die Doeane- en Aksynswet, 1964, na artikel 114 ingevoeg:

"**Bevoegdheid om agent aan te stel**

114A. Die Kommissaris kan, indien hy dit nodig ag, 'n persoon tot agent van 'n ander persoon verklaar en die persoon aldus tot agent verklaar—

(a) is vir doeleindes van hierdie Wet die agent van daardie ander persoon ten opsigte van die betaling van enige bedrag reg, rente, boete, pene of verbeuring wat deur sodanige persoon ingevolge die Wet betaalbaar is, en

(b) kan verplig word om betaling van daardie bedrag te doen uit gelde wat deur hom of haar gehou mag word vir of deur hom of haar verskuldig mag wees aan die persoon tot wie se agent hy of sy verklaar is:

Met dien verstande dat die persoon aldus 'n agent verklaar wat nie in staat is om aan 'n vereiste van die kennisgewing van aanstelling as agent te voldoen nie, die Kommissaris binne die tydperk in die kennisgewing vermeld skriftelik in kennis moet stel van die redes waarom nie aan daardie kennisgewing voldoen is nie.

Regsmiddele van Kommissaris teen agent of trustee

114B. Die Kommissaris het in dieselfde mate en op dieselfde wyse al die regsmiddele teen alle eiendom van welke soort ook al wat berus by of onder beheer of bestuur is van 'n agent of persoon wat in 'n fidusiêre hoedanigheid optree, as wat die Kommissaris sou hê teen die eiendom van 'n persoon wat aanspreeklik is om enige reg, rente, boete, pene of verbeuring betaalbaar ingevolge hierdie Wet, te betaal.".

Vervanging van Deel 3 van Bylae No. 1 by Wet 91 van 1964

155. (1) Deel 3 van Bylae No. 1 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 word deur die volgende Deel vervang:

"**DEEL 3**

OMGEWINGSHEFFING

OPMERKINGS:

1. Enige skaal van omgewingsheffing in hierdie Deel ten opsigte van enige goedere vermeld, is op enige sodanige goedere wat in die Republiek vervaardig of in die Republiek ingevoer word van toepassing.
2. Enige omgewingsheffing kragtens hierdie Deel betaalbaar ten opsigte van enige goedere daarin vermeld, is bykomend by enige kragtens Deel 1 of 2 betaalbare doeane- of aksynsreg ten opsigte van goedere van dieselfde klas of soort.
3. Ingevoerde goedere word nie vir doeleindes van Dele 1, 2, 3 en 5 van hierdie Bylae op afsonderlike klaringsbriewe geklaar nie.
4. Waar die tariefpos of subpos waaronder enige goedere in Deel 1 van hierdie Bylae ingedeel word, uitdruklik aangehaal word in enige omgewingsheffingitem van hierdie Deel waarin sodanige goedere vermeld word, word die goedere wat in sodanige omgewingsheffingitem van hierdie Deel vemeld word, geag slegs goedere in te sluit wat onder bedoelde tariefpos of subpos ingedeel word.
5. Aanwending deur die vervaardiger of eienaar van enige in hierdie Deel vermelde goedere vir eie gebruik vir enige doel maak sodanige goedere onderhewig aan klaring vir binnelandse verbruik en betaling van enige omgewingsheffing.

Environmental Levy Item	Tariff Heading	Description	Environmental Levy	Annotations
147.00		**PLASTICS AND ARTICLES THEREOF; RUBBER AND ARTICLES THEREOF**		
	3923.2	Carrier and flat bags, of polymers of ethylene or propylene, of a thickness exceeding 24µ, unprinted or printed with a single resin system ink based on a co-solvent polyamide with a mass of dry solid content not exceeding 2,25 per cent of the mass of the unprinted bag or printed with other inks with a mass of the solid content exceeding 1,125 per cent of the mass of the unprinted bag (excluding bags for use as immediate packing, refuse bags and refuse bin liners)	1 000c/kg	

Amendment of section 7 of Act 77 of 1968, as amended by section 18 of Act 103 of 1969, section 10 of Act 89 of 1972, section 8 of Act 66 of 1973, section 3 of Act 70 of 1975, section 5 of Act 87 of 1982, section 7 of Act 118 of 1984, section 5 of Act 69 of 1989, section 55 of Act 19 of 2001 and section 43 of Act 12 of 2003

156. Section 7 of the Stamp Duties Act, 1968, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(g)* in the case of the original issue of a marketable security or of a negotiable certificate of deposit, the company or corporate body issuing the marketable security or negotiable certificate of deposit;"; and

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(h)* of the following paragraph:

"*(h)* in the case of the registration of transfer of a marketable security or of a negotiable certificate of deposit, the transferee;".

Amendment of section 23 of Act 77 of 1968, as amended by section 20 of Act 103 of 1969, section 13 of Act 92 of 1971, section 11 of Act 89 of 1972, section 10 of Act 66 of 1973, section 10 of Act 88 of 1974, section 20 of Act 106 of 1980, section 6 of Act 87 of 1982, section 5 of Act 92 of 1983, section 25 of Act 87 of 1988, section 8 of Act 69 of 1989, section 7 of Act 136 of 1991, section 80 of Act 30 of 1998 and section 76 of Act 53 of 1999

157. Section 23 of the Stamp Duties Act 1968 is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of the definition of "lending arrangement";

(b) by the deletion in subsection (4) of subparagraphs (ii) and (viiB) of paragraph *(b)*; and

(c) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Any instrument of transfer referred to in subsection (4) shall at all reasonable times during a period of **[three]** five years after the date of registration of the relevant transfer be open for inspection by any person acting under the authority of the Commissioner.".

Insertion of section 30A in Act 77 of 1968

158. (1) The following sections are hereby inserted in the Stamp Duties Act, 1968, after section 30:

Omgewings-heffingitem	Tariefpos	Beskrywing	Omgewings-heffing	Annotasies
147.00		**PLASTIEKE EN ARTIKELS DAARVAN; RUBBER EN ARTIKELS DAARVAN**		
	3923.2	Dra- en plastieksakke, van polimere van etileen of propileen, met 'n dikte van meer as 24µ, onbedruk of bedruk met 'n enkelhars sisteem ink gebaseer op 'n ko-oplosmiddel poliamied, met 'n massa van die droë vastestofinhoud van nie meer as 2,25 persent van die massa van die onbedrukte sak of bedruk met ander ink met 'n massa van die droë vastestofinhoud van meer as 1,125 persent van die massa van die onbedrukte sak (uitgesonderd sakkies vir gebruik as onmiddellike houers, vullissakke en vullishouervoerings)	1 000c/kg	

Wysiging van artikel 7 van Wet 77 van 1968, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 103 van 1969, artikel 10 van Wet 89 van 1972, artikel 8 van Wet 66 van 1973, artikel 3 van Wet 70 van 1975, artikel 5 van Wet 87 van 1982, artikel 7 van Wet 118 van 1984, artikel 5 van Wet 69 van 1989, section 55 van Wet 19 van 2001 en artikel 43 van Wet 12 van 2003

156. Artikel 7 van die Wet op Seëlregte, 1968, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) van paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* in die geval van die oorspronklike uitreiking van handelseffekte of 'n verhandelbare sertifikaat ten opsigte van 'n deposito, die maatskappy of regspersoon wat die handelseffekte of verhandelbare sertifikaat ten opsigte van 'n deposito uitreik; " en

(b) deur subartikel (1) van paragraaf *(h)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(h)* in die geval van die registrasie van oordrag van handelseffekte of 'n verhandelbare sertifikaat ten opsigte van 'n deposito, die oordragnemer".

Wysiging van artikel 23 van Wet 77 van 1968, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 103 van 1969, artikel 13 van Wet 92 van 1971, artikel 11 van Wet 89 van 1972, artikel 10 van Wet 66 van 1973, artikel 10 van Wet 88 van 1974, artikel 20 van Wet 106 van 1980, artikel 6 van Wet 87 van 1982, artikel 5 van Wet 92 van 1983, artikel 25 van Wet 87 van 1988, artikel 8 van Wet 69 van 1989, artikel 7 van Wet 136 van 1991, artikel 80 van Wet 30 van 1998 en artikel 76 van Wet 53 van 1999

157. Arikel 23 van die Wet op Seëlregte, 1968 word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "leningsreëling" in subartikel (1) te skrap;

(b) deur in subartikel (4) subparagrawe (ii) en (viiB) van paragraaf *(b)* te skrap; en

(c) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) 'n In subartikel (4) bedoelde oordragstuk moet te alle redelike tye gedurende 'n tydperk van **[drie]** vyf jaar na die datum van die registrasie van die betrokke oordrag beskikbaar wees vir insae deur iemand wat op gesag van die Kommissaris handel".

Invoeging van artikel 30A in Wet 77 van 1968

158. (1) Die volgende artikels word hierby na artikel 30 van die Wet op Seëlregte, 1968, ingevoeg:

"**Schemes for obtaining undue tax benefits**

